



Die eerste fondasie-ooie is in September 2017 by mnr. Abé Visser en seun van Reitz getatoeër. Mnr. Hennie Visser van Harrismith het help keur. FOTO'S: JAN VOSLOO

# Kudde-ooie kan só stoetooie word

Die uitbreiding van 'n ras se genetiese diversiteit is van groot belang om volgehoue seleksievordering te handhaaf vir winsgewende veeteelt.

Die Suid-Afrikaanse Vleismerinotelersgenootskap het 'n sonderlinge projek aangepak om die ras se genetiese verskeidenheid te verbreed deur die room van kuddeboere se ooie in 'n hulpstamboek aan te teken met die oog op die uiteindelijke volwaardige aantekening as geregistreerde diere.

Tot dusver neem drie van die eerste vier aansoekers reeds aan die projek deel. Die projek sal

ingevalge 'n raadsbesluit op lang termyn bedryf word om groter verandering uit die ras te slaan.

In die vroeë 1950's tot Desember 1954 kon kudde-ooie as aanhangsel-A-ooie opgeneem en in 'n hulpstamboek aangeteken word. Daar was heelwat goeie kudde-ooie (graad) beskikbaar waarmee die Vleismerino se geregistreerde diere aangevul en uitgebrei kon word. Dit was veel goedkoper as om ooie van Duitsland af in te voer.

Verder het dit die voordeel gehad dat plaaslik aangepaste ooie



Mnr. Jan Vosloo

se nageslag die ras kon help verbeter. In die **TABEL** op bl. 44 word aangedui hoe die opgradeerstelsel dié ras se jaarlikse registrasies tot 1970 vinnig laat toeneem het.

Danksy hierdie stimuleringsproses, asook die verdere veredeling van die Vleismerino in Suid-Afrika, is die ras se naam sedert Januarie 1971 na die Suid-Afrikaanse Vleismerino (SAVM) verander. Vir langer as 60 jaar, van 1955 tot 2017, was die ras geslote en is kudde-ooie nooit weer as aanhangsel-A-diere toegelaat nie.

Die afgelope twee dekades het die SAVM-raad heelwat versoeke ontvang van telers met goeie kuddes wat hul ooie na geregistreerde diere wou laat opgra-

deer. Hulle gebruik deurentyd goeie ramme en wil uit hul bes aangepaste ooie begin met opgradering.

'n Wetenskaplike opgraderingsproses is op die genootskap se jaarvergadering in 2016 aan die telers voorgelê wat 'n gelyk-opuitslag tot gevolg gehad het. Op die daaropvolgende jaarvergadering in 2017 het die lede ten gunste van die opgradeerstelsel gestem.

Ingevalge dié stelsel moet groot groepe ooilammers van dieselfde ouderdomsgroep saam grootgemaak word sodat goeie seleksiedruk met behulp van speen- en naspeen-indeks in die eerste twee gelagte toegepas kan word. Daarna sal die reproduksieprestasie die deurslag vir toelating as volwaardige stoetooie gee.

Dit is dus beslis nie 'n najaag van ooigetalle nie, maar eerder die afskep van die room in kuddes. Die telersgenootskap wil slegs die beste teelmateriaal wat regtig tot rasverbetering kan bydra, benut om die ras se genetiese diversiteit te verbreed.

Dit is dus 'n sonderlinge geleentheid vir ernstige SAVM-kud-

## BEHOUD VAN GENETIESE DIVERSITEIT

Een van die belangrike beginsels om volgehoue seleksievordering te kan handhaaf, is om genetiese diversiteit (verskeidenheid) te behou.

Dr. Japie van der Westhuizen, hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging, sê stelsels wat die geleentheid bied om minder verwante diere toe te laat om deel van 'n opgraderingstelsel te vorm, bied so 'n unieke geleentheid.

"Deur verder streng standarde toe te pas om nie die goeie hoedanighede van 'n ras prys te gee nie, het tot

gevolg dat die beste van albei wêreldes na vore kom."

Die streng keuring van ooie, 'n goeie genepoel met 'n bewese rekord van ramgebruik en die keuse van geregistreerde ramme wat aan die ras se streng standarde voldoen, verseker die verwesenliking van só 'n doelwit.

"Dit is natuurlik ook belangrik dat die kuddes wat hieraan deelneem, dieselfde teeldoelwitte nastreef en dus die nodige metings doen en streng seleksie toepas.

"Dit gaan oor winsgewendheid op langer termyn deur seleksievordering te verseker en met ooie te boer wat die beste in die produksie-omgewing vaar."



Die Suid-Afrikaanse Vleismerino-telersgenootskap het 'n sonderlinge projek aangepak om die ras se genetiese verskeidenheid te verbreed deur die room van kuddeboere se ooie in 'n hulpstamboek aan te teken.

deboere om hul diere te veredel en hul waarde te verhoog. Dit is deel van presisieboerdery om diere individueel te identifiseer en te meet.

## AANVAARDE OPGRADERESTELSEL

Kuddeboere kan aansoek doen om hul ooie se ooilammers na stoetooie te laat opgradeer deur die volgende stappe te volg:

1. Doen aansoek doen by die genootskap om ooi-kuddes as

SAVM-fondasie-kuddes deur die raad te laat sertifiseer, onderhewig aan die volgende vereistes:

- Die teelgeskiedenis en ontstaan van oorsprong van die kudde moet verskaf en aanvaar word as deelsgeteelde SAVM-tipe ooie.
- Daar moet ten minste 150 ooie in dieselfde produksiestadium in die teelgroep wees.
- Bewys van aankoop van minstens drie SAVM-gekeurde ramme op ramveulings

moet voorgelê word. Dit moet oor die jongste drie jaar aangekoop wees.

- Aanvaarbare hanteringskrale moet op die aansoeker se plaas beskikbaar wees.

2. Suksesvolle aansoekers se ooi-kuddes sal deur SAVM-inspekteurs besoek word nadat hul reiskoste (soos bepaal deur die raad) betaal is.

3. Ná inspeksie van die ooi-kudde en hanteringsgeriewe en goedkeuring van die verslag aan die raad word die ooi-kudde as 'n SAVM-fondasie-kudde gesertifiseer. Dié ooie word tydens inspeksie met die voorgeskrewe SAVM-merk in die regteroor getatoeër.

4. Die aansoeker moet hom of haar as lid by die genootskap aansluit en slegs die SAVM-ramme reeds in sy besit (soos aangekoop op ramveulings) sal as geregistreerde diere aangeteken word. 'n Fondasie-register of datastel sal afsonderlik deur die genootskap bygehou word.

5. Die aansoeker moet in sy eerste jaar as lid 'n SAVM-kursus deurloop.

## SÓ VERLOOP DIE TEELPROSES

Die teelproses om ooinageslag uit die fondasie-kudde na stoet op te gradeer, kan vervolgens begin.

- Die ooie in die fondasie-kudde moet gedek of met vars saad natuurlik geïnsemineer word deur minstens drie SAVM-stoetramme in 'n dektyd wat nie 35 dae oorskry nie.

- Elke F<sub>1</sub>-ooilam (geslag A) moet ná geboorte 'n oorplaatjie met 'n voorgeskrewe nommer kry en haar geboortedatum en -status moet aangeteken word. Indien haar moeder 4-tand of jonger is, moet dit aangeteken word dat haar ma 'n jong ooi is. Die teler moet tydens merk reeds alle ooglopende foute en kleur in sy geboortebok aanteken.

- Alle F<sub>1</sub>-ooilammers moet geïnspeskeer word en op spentyd (weegdatum) onder toesig geweeg word binne vyf maande nadat die eerste lam gebore is. Ernstige visuele prulfoute kan dan reeds aangeteken word en sulke ooilammers moet uitgeskot word. Ooilammers met 'n speenindeks laer as 85 moet ook uitgeskot word. F<sub>1</sub>-ramlammers word ná spentyd geslag.

- Die oorblywende ooilammers moet ná spentyd verkieslik in een groep loop en vyf maande daarna weer geweeg word. Ooie met 'n naspeen-indeks van laer as 90 word uitgeskot.

- Die F<sub>1</sub>-ooie moet individueel gepaar word met SAVM-stoetramme (vaders van die volgende geslag moet geïdentifiseer kan word) voor of op 19 maande ouderdom (riglyngewig ≥ 55 kg). Paarlyste moet ingeval met die nommers van alle ooie wat gedek word per ram.

## VOORSTELLING VAN OPGRADERESTELSEL

Hierdie stelsel is uiters voordelig om 'n dinamiese ras toegankliker te maak vir ernstige skaapboere wat bereid is om volledig van hul diere rekord te hou en 'n wesenlike bydrae tot die



- Die F<sub>1</sub>-ooie moet geskandeer en eenlinge, meerlinge en droë ooie gemerk word. Slegs dragtige ooie word dan net ná skandering visueel gekeur. Die ooie wat slaag, moet op die voorgeskrewe wyse getatoeër word.
- F<sub>1</sub>-ooie se F<sub>2</sub>- (geslag B) ooilammers en ramlammers word met lamtyd met plaatjies genommer en 'n volledige geboorte-

## DIE UITWERKING VAN DIE AANVANKLIKE OPGRADERING VAN KUDDE-OOIE OP DIE JAARLIKSE REGISTRASIEGETAL

Jaar	Stamboek		Hulpstamboek
	Ramme	Ooie	
1955	321	642	2 652
1956	178	573	2 017
1957	228	640	2 985
1958	307	653	2 673
1959	448	1 083	4 205
1960	389	1 019	2 703
1961	565	1 889	3 098
1962	522	2 076	2 088
1963	660	2 301	2 110
1964	557	2 102	1 135
1965	717	2 588	1 144
1966	707	3 004	911
1967	1 003	5 084	986
1968	908	4 063	383
1969	903	4 103	386
1970	1 180	5 194	356

bedryf te lewer.

Die stelsel sal dit ook moontlik maak om die nageslag van vorige stoetdiere waarvan die rekords verlore geraak het of verwaarloos is, op die SAVM-datastelsel terug te kry as bruikbare, volwaardig geregistreerde diere.

register moet ingevul word van elke lam wat gebore word.

- Dieselfde proses as by punt 3 genoem, word vir die F<sub>2</sub>-ooilammers gevolg. Hul broers (die ramlammers) moet slegs geïdentifiseer word ter wille van volledige lamrekords van hul moeders. Stappe 3, 4 en 5 word ook vereis vir F<sub>2</sub>-ooie. F<sub>2</sub>-ramlammers moet ná spentyd geslag (of gekasteer) word.

- Die lammers van F<sub>1</sub>- en F<sub>2</sub>-ooie moet 'n gemiddelde speenindeks van 85 haal om op die F<sub>1</sub>- en F<sub>2</sub>-register te bly en F<sub>1</sub>- en F<sub>2</sub>-ooie moet elke jaar lam (TLP ≤ 380 dae) en dit kan bly handhaaf. Sodra hulle terugsak, word hulle vir verdere teling uitgeskakel.
- Alle F<sub>3</sub>- (geslag C-) lammers word oorgedra na die genootskap se hoofdatastelsel, waar teelwaardes vir hulle bereken word. Hulle sal as volgeregisteerde stoetdiere beskou word nadat hulle visueel goedgekeur is tussen 10 en 24 maande, en is al diere wat bemark kan word as stoetdiere aan medetelers onder beskerming van die genootskap en onderhewig aan die normale reëls en heffings. **LBW**

Mnr. Jan Vosloo is die bestuurder van die SA Vleismerino-telersgenootskap.

NAVRAE: E-pos: [sammsheep@yebo.co.za](mailto:sammsheep@yebo.co.za); webwerf: [www.savleismerino.net](http://www.savleismerino.net); tel. 051 522 6827/8; sel 082 556 9822.